No 3 - 2023] FIFTH SESSION, SIXTH PARLIAMENT

# PARLIAMENT OF THE PROVINCE OF THE WESTERN CAPE

===============

# ORDER PAPER

===============

THURSDAY, 2 MARCH 2023

**HOUSE: 14:15**

**MOTIONS**

1. Ms P Z Lekker: That the House notes with profound sadness the untimely passing away of Honourable Maurencia Gillion, the ANC Western Cape delegate to the National Council of Provinces (NCOP); notes that comrade Maurencia was a dedicated servant of the people and served the ANC in different capacities, including as Mayor of Theewaterskloof, ANC Western Cape Treasurer and ANC Provincial Deputy Secretary, as well as a member of the current interim provincial leadership at the time of her passing; notes that she will be remembered fondly for her love for the people, her commitment to fight for transformation and her despise for injustices; notes that she passed away while on duty serving the people of South Africa in the NCOP strategic session; and commiserates with the Gillion family, her friends and loved ones, her ANC comrades and colleagues in the NCOP and the Provincial Parliament, as well as staff and parliament officials she worked with.

2. The Chief Whip of the Majority Party (Ms W F Kaizer-Philander): That the following Members be appointed in accordance with Standing Rule 24 to act as temporary presiding officers:

   Maseko, L M
   Van der Westhuizen, A P
   Plato, D
   Mvimbi, L L
   Baku Baku-Vos, N G
   Cassiem, A

3. The Chief Whip of the Majority Party (Ms W F Kaizer-Philander): That the House, in accordance with Rule 119(1) of the Standing Rules, appoints an Ad-hoc Committee to conduct oversight over the work of the provincial executive as it responds to the impact of the national energy crises on the Western Cape, including oversight over any part of the provincial executive, any provincial department, any provincial organ of state and any provincial entity involved in activities dealing with energy security.

   The Committee shall consist of 15 Members, appointed in accordance with Rule 120 of the Standing Rules, with the membership allocated as follows:

   (a) Democratic Alliance: 8 Members
   (b) African National Congress: 2 Members
   (c) Economic Freedom Fighters: 1 Member
   (d) GOOD: 1 Member

(e) African Christian Democratic Party: 1 Member
(f) Freedom Front Plus: 1 Member
(g) Al Jama-ah: 1 Member

The names of the Members representing the political parties must be submitted to the Speaker of the Western Cape Provincial Parliament as soon as possible for publication in an ATC.

The Ad-hoc committee shall have all the general powers conferred upon committees in accordance with the Standing Rules (Rule 91), as well as any other power, where applicable, conferred upon committees generally in accordance with the Standing Rules (Rules 77–95).

The Committee must report regularly to the House on its activities.

4. The Chief Whip of the Majority Party (Ms W F Kaizer-Philander): That:

(1) an Ad-hoc Committee be appointed to give effect to section 196(8)(b)(i) of the Constitution, 1996, read with section 4(3)(b) of the Public Service Commission Act, 1997 (Act 46 of 1997), to consider applications and to recommend to the House a candidate for nomination by the Premier for appointment to serve on the Public Service Commission; and

(2) the Ad-hoc Committee consists of 15 Members, appointed in accordance with Rule 120 of the Standing Rules, with the membership allocated as follows:

(a) Democratic Alliance: 8 Members
(b) African National Congress: 2 Members
(c) Economic Freedom Fighters: 1 Member
(d) GOOD: 1 Member
(e) African Christian Democratic Party: 1 Member
(f) Freedom Front Plus: 1 Member
(g) Al Jama-ah: 1 Member

The names of the Members representing the political parties must be submitted to the Speaker of the Western Cape Provincial Parliament as soon as possible for publication in an ATC.

**QUESTIONS**

**STATEMENTS BY MEMBERS**

**MOTIONS**

**SUBJECT FOR DISCUSSION**

Ms W F Kaizer-Philander: The national energy crisis and the impact it has on the Western Cape.

---

**FURTHER BUSINESS**

**NOTICES OF MOTION**

1. Mr F C Christians: That the House debates the ongoing intimidation by taxis of school learner transport operators.

2. Mr P J Marais: That the House takes the necessary steps to amend and strengthen the rules concerning proceedings and the conduct of Members during House sittings in order to bring order to proceedings and protect the dignity of the Provincial Parliament, while ensuring and protecting the freedom of speech of all the Honourable Members and, most importantly, maintaining respect for the rulings by the Speaker at all times.

3. Ms L M Maseko: That the House debates the impact of extortion on housing and infrastructure development projects in the Western Cape.

4. Ms L M Maseko: That the House debates the impact of land invasions on housing delivery in the Western Cape.

# PARLEMENT VAN DIE PROVINSIE WES-KAAP

===============

# ORDELYS

===============

DONDERDAG, 2 MAART 2023

**HUIS: 14:15**

**VOORSTELLE**

1. Me P Z Lekker: Dat die Huis met diepe hartseer kennis neem van die ontydige dood van agbare Maurencia Gillion, die ANC se Wes-Kaapse afgevaardigde in die Nasionale Raad van Provinsies (NRVP); kennis neem dat kameraad Maurencia ŉ toegewyde dienaar van die mense was en die ANC in verskillende hoedanighede gedien het, insluitende as burgemeester van Theewaterskloof, die ANC se Wes-Kaapse Tesourier en die ANC se Provinsiale Adjunksekretaris, asook ŉ lid van die huidige tussentydse provinsiale leierskap ten tye van haar dood; kennis neem dat sy met liefde onthou sal word vir haar liefde vir die mense, haar verbintenis tot die stryd vir transformasie en haar minagting vir ongeregtighede; kennis neem dat sy gesterf het terwyl sy aan diens was en die mense van Suid-Afrika in die NRVP se strategiese sessie gedien het; en meegevoel betuig met die Gillion-familie, haar vriende en geliefdes, haar ANC-kamerade en -kollegas in die NRVP en die Provinsiale Parlement, asook personeel en parlementsamptenare saam met wie sy gewerk het.

2. Die Hoofsweep van die Meerderheidsparty (me W F Kaizer-Philander): Dat die volgende Lede ooreenkomstig Staande Reël 24 aangestel word om as tydelike voorsittende beamptes op te tree:

   Maseko, L M
   Van der Westhuizen, A P
   Plato, D
   Mvimbi, L L
   Baku Baku-Vos, N G
   Cassiem, A

3. Die Hoofsweep van die Meerderheidsparty (me W F Kaizer-Philander): Dat die Huis, ooreenkomstig Reël 119(1) van die Staande Reëls, ŉ Ad hoc-komitee aanstel om toesig uit te oefen oor die werksaamhede van die provinsiale uitvoerende gesag in sy reaksie op die impak van die nasionale energiekrisis op die Wes-Kaap, insluitende toesig oor enige gedeelte van die provinsiale uitvoerende gesag, enige provinsiale departement, enige provinsiale staatsorgaan en enige provinsiale entiteit wat betrokke is by aktiwiteite wat met energiesekerheid te make het.

   Die Komitee sal uit 15 Lede bestaan, aangestel ooreenkomstig Reël 120 van die Staande Reëls, met lidmaatskap soos volg toegewys:

(a) Demokratiese Alliansie: 8 Lede
(b) African National Congress: 2 Lede
(c) Ekonomiese Vryheidsvegters: 1 Lid
(d) GOOD: 1 Lid
(e) African Christian Democratic Party: 1 Lid
(f) Vryheidsfront Plus: 1 Lid
(g) Al Jama-ah: 1 Lid

Die name van die Lede wat die politieke partye verteenwoordig, moet so gou as moontlik aan die Speaker van die Wes-Kaapse Provinsiale Parlement voorgelê word vir publikasie in ʼn ATK.

Die Ad hoc-komitee sal al die algemene bevoegdhede hê wat ooreenkomstig die Staande Reëls (Reël 91) aan komitees verleen word, asook enige ander bevoegdheid, waar toepaslik, wat in die algemeen ooreenkomstig die Staande Reëls (Reëls 77–95) aan komitees verleen word.

Die Komitee moet gereeld aan die Huis oor sy werksaamhede verslag doen.

4. Die Hoofsweep van die Meerderheidsparty (me W F Kaizer-Philander): Dat:

(1) ʼn Ad hoc-komitee aangestel word om artikel 196(8)(b)(i) van die Grondwet, 1996, saamgelees met artikel 4(3)(b) van die Staatsdienskommissiewet, 1997 (Wet 46 van 1997), ten uitvoer te bring om aansoeke te oorweeg en om by die Huis ʼn kandidaat aan te beveel vir benoeming deur die Premier vir aanstelling om in die Staatsdienskommissie te dien; en

(2) die Ad hoc-komitee uit 15 Lede bestaan, aangestel ooreenkomstig Reël 120 van die Staande Reëls, met lidmaatskap soos volg toegewys:

(a) Demokratiese Alliansie: 8 Lede
(b) African National Congress: 2 Lede
(c) Ekonomiese Vryheidsvegters: 1 Lid
(d) GOOD: 1 Lid
(e) African Christian Democratic Party: 1 Lid
(f) Vryheidsfront Plus: 1 Lid
(g) Al Jama-ah: 1 Lid

Die name van die Lede wat die politieke partye verteenwoordig, moet so gou as moontlik aan die Speaker van die Wes-Kaapse Provinsiale Parlement voorgelê word vir publikasie in ʼn ATK.

**VRAE**

**VERKLARINGS DEUR LEDE**

**VOORSTELLE**

**ONDERWERP VIR BESPREKING**

Me W F Kaizer-Philander: Die nasionale energiekrisis en die impak wat dit op die Wes-Kaap het.

---

## VERDERE WERKSAAMHEDE

**VOORSTELLE MET KENNISGEWING**

1. Mnr F C Christians: Dat die Huis taxi’s se voortgesette intimidering van operateurs van skoolleerdervervoer debatteer.

2. Mnr P J Marais: Dat die Huis die nodige stappe doen om die reëls oor verrigting en die gedrag van Lede tydens sittings van die Huis te wysig en te verskerp ten einde orde tydens verrigtinge te handhaaf en die waardigheid van die Provinsiale Parlement te beskerm, terwyl die vryheid van spraak van al die agbare Lede beskerm word en, van grootste belang, respek vir die beslissings van die Speaker ten alle tye gehandhaaf word.

3. Me L M Maseko: Dat die Huis die impak van afpersing op behuising en infrastruktuurontwikkelingsprojekte in die Wes-Kaap debatteer.

4. Me L M Maseko: Dat die Huis die impak van grondbesetting op die verskaffing van behuising in die Wes-Kaap debatteer.